

17 November

Jona 3

God bly getrou

Wanneer Jona nou sy belydenis in gehoorsaamheid moet omsit, doen hy dit nie uit eie krag nie. Die Here rus hom toe vir sy prediking aan Ninevé - die Heilige Gees sou hom bystaan. En hy sou dit nodig hê, want die stad was 'n toonbeeld van goddeloosheid. Terwyl God barmhartig is en aan die stad genadetyd betoon, is Hy ook regverdig. Daarom verkondig Jona dat die oordeel na veertig dae sou aanbreek. En dan sou daar vir niemand verontskuldiging wees nie. Maar die krag van God se Woord en Gees word geopenbaar wanneer die mense anders reageer as wat Jona verwag het: Baie van hulle kom tot berou en bekering. Op 'n wonderbaarlike wyse skenk die Here dit wat Hy vra. Hy het die vermoë om mense se harte en lewens te verander. Daarom soek Hy beide die verandering van hart én lewe. En wanneer Ninevé so reageer, bly die Here getrou aan Homself. Hy is konsekwent en onveranderlik en juis daarom sien Hy af van sy oordeel. Tot vandag toe wys die Here 'n verslae gees en gebroke hart nie af nie. Ek en jy leef ook in genade tyd. En ook vir ons is daar redding in Jesus Christus. Deur sy offer gelowig aan te neem gaan die komende oordeel van God by ons verby. Sy Woord en Gees werk vandag nog kragtig in mense om hulle te bekeer. Hy kan en sal dit vir jou ook doen. Moenie sy waarskuwing en sy naderroep in die wind slaan nie. Christus is op pad - gebruik God se genadetyd. Hy is vandag nog dieselfde. Jou berou en daaglikse bekering (wat Hy in jou werk deur sy Woord en Gees) sal beantwoord word met genade.

Sing: Psalm 107:1

Ds. J. J. Viljoen (Orkney/Stilfontein)